



FRANSE SENDING

Kinderevangelisasie (CEF)



Ds. Johan en Rita Bloemhof

Daaglikse Gebedsversoeke

Julie - Augustus - September 2020



*Liewe vriende in Christus,
Julle bid vir ons en die Franse
Sending. Baie dankie. Het jy al
gewonder wat in ons harte is
wanneer ons aan julle dink?*

*Ons dank God elke keer as ons aan
julle dink. Ons bid altyd met
blydskap vir julle almal omdat julle
saamwerk aan die verkondiging
van die evangelie. Ook bid ons dat
julle liefde al hoe meer sal toeneem
in begrip en fyn aanvoeling. Ons bid
dat julle die dinge sal kan
onderskei waarop dit werklik
aankom. Dan sal julle op die dag
wanneer Christus kom, onberispelik
en sonder blaam wees en deur Jesus
Christus sal julle geheel en al in die
regte verhouding met God wees, tot
sy lof en eer. Fil.1*

Julie 2020

**“Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde
geskied, net soos in die hemel.” Mat 6:10**

Asb. Indien u die nuusbriëf en gebedsversoeke per
gewone pos ontvang **en wel 'n e-pos besit:** Oorweeg
asb. om dit eerder per e-pos te ontvang weens die hoë
koste en die swak posstelsel. Stuur u e-pos en posadres
na bloemhof@free.fr sodat ons dit kan aanpas.

1-2 Johan en Rita is 42 jaar getroud (1 Julie).

Dank die Here vir sy genade en vir die lewe wat
Hy vir ons skenk. Bid dat ons huwelik en liefde
vir mekaar steeds sterker sal groei.

3-4 Jongmense by die Bloemhofs. Samuel en
Sarah trou binnekort. Bid vir drie of vier nuwe
gelowige of ontvanklike goeie studente.

5-6 Dank God vir duisende kinders wat tydens
die **inperkingstyd op ons Evangelisasie**
webblad www.cliquelavie.com gekom het en vir
soveel wat nog steeds dit besoek.

7-8 Dank die Here vir die nuwe beraders. Bid
dat die Here nog werkers vir sy oes sal stuur.

9-10 Bid vir die weeklikse en verdere
ontwikkeling van die Franse en Europese
webblaaie. Bid veral dat die nuwe toepassing
van die webblad deur Google goedgekeur
word.

11-12 Korsika eiland 322.000 mense(0,1%
Evangeliese Christene). Die Christenleiers het
op hulle harte dat elkeen op die eiland behoort
te weet Wie Jesus is. Dank die Here dat die
meeste mense alreeds oor die afgelope jare
bereik is. Bid vir kerkplanting in **BASTIA,**
CORTE (Universiteitstad) en **PONTE NUOVO.**

13-14 KORSIKA September UITREIK. Ons
vertrou God vir Franse en Suid-Afrikaners om
die Goeie Nuus te kom saai. Moontlik sal die
uitreik weens die inperking en wisselkoers na
volgende jaar verskuif moet word.

15-16 Loof God vir die Franssprekende
gemeentes wat **58 000 Evangelisasie pakkies**
aangevra het om hierdie jaar te versprei.

17-18 Huise vir bejaardes in die STRAND.

Aangesien van die personeel die Coronavirus
gekry het, is gemeentehulp ingeroep om hulle
te vervang. Dank die Here vir al die
gewilliges. Bid vir die beskerming van die
inwoners – ook vir ma Hester KOTZE.

19-20 Ons 8 kleinkinders. Bid dat God deur
Sy groot genade hulle almal sal red.

21-22 Rita Bloemhof. Bid asseblief vir goeie
gesondheid en dat die Here my elke dag nuwe
krag en moed sal gee vir die werk in die huis
en vir die bediening.

23-24 Bid vir ons bure in die straat wat 'n boek
wat die Evangelie verduidelik as geskenk
ontvang het. Bid dat hulle harte deur die
werking van die Heilige Gees geopen word.

25-26 Johan Bloemhof. Dank God vir
beskerming en gesondheid, veral in die
COVID-19 tyd.

27-28 Internet-Evangelisasie. Bid vir die
Web-administreerder Fabrice. Bid dat die
Here begaafde en gekwalifiseerde mense
roep om die Europese webblad te ontwikkel.

29-31 Dank die Here vir elke ondersteuner en
gemeente wat deel in die Franse Sending. Bid
dat die Here hulle seën. Vertrou God om
steeds in al die behoeftes te voorsien.

Augustus 2020

“Is iets te buitengewoon vir die Here ?” Gen. 18.14

1-2 Bybelvakansieklubs. Bid dat baie kinders
so gered word en groei in hulle geloof.

3-4 Ons seun, Jean, en Holly. Bid vir seën
op die prediking in hulle gemeente en vir Holly
se CEF bediening. Bid dat God hulle help om
vir Anna en Sophie in sy weë op te voed.

5-6 Kampe. Dank die Here vir al die kinders
wat die afgelope jaar tot bekering gekom het
tydens kampe. Bid dat die Heilige Gees
kinders wat na die kampe kom hierdie jaar se
harte sal oopmaak vir die Evangelie.

7-8 VERITAS-opleiding. Dank die Here vir

die 20tal mense wat die 1e en 3e modules doen. Bid dat hulle sal volhard en die kennis toepas in die kerke en in hul daaglikse lewe.

9-10 Marcel en Elise Bloemhof. Dank die Here vir hulle bedienings in hulle gemeente. Bid dat hulle elke dag moed en krag het om hulle drie kinders, Lana, Ruben en Mathias in God se weë groot te maak. Bid asb. vir Elise se gesondheid.

11-12 Ons plaaslike Franse gemeente. Dank die Here vir geloof, liefde en eenheid onder die gelowiges. Bid dat die gemeente sal groei in haar sendingvisie.

13-14 Daar is ongeveer 4 miljoen kinders in **Parys en omgewing (Ile-de-France).** Vertrou God vir meer werkers in die streek.

15-16 ZOOM Goeie Nuus en Bybelvakansieklubs. Dank die Here vir die moderne mediums om die Goeie Nuus steeds verder te kan versprei. Bid dat die werkers innoverend sal dink en optree.

17-18 Internetbediening. www.cliquelavie.com Die Europese somer vakansie (Julie en Augustus) is 'n geskikte tyd om op dié wyse meer kinders met die Goeie nuus te bereik en hulle te begelei op die pad van geloof. Bid vir wysheid vir die publikasies wat opgesit word.

19-20 Bid vir herlewings onder die 50 miljoen Franssprekende kinders in die wêreld d.m.v. Internet-Evangelisasie.

21-22 Ons seun Timothée en Julie. Bid dat hulle hulle kinders, Elliott en Simon in God se weë sal opvoed. **Bid asb. steeds vir Simon se niere se genesing.**

23-24 Loof die Here vir elke medewerker in die Franse sending, vir die wat bid, gee of gaan.

25-26 VERITAS handleidings in Frans. Dank die Here vir 'n goeie vertaler en proeflesers. Bid dat die boek van Dr. Bennie Wolvaardt binnekort beskikbaar sal wees in Frans.

27-28 Geloofsending. Loof die Here vir

gelowiges se oop harte, vir mense en gemeentes wat maandeliks of periodiek bydra vir die Franse Sending. Bid dat die Here elkeen ryklik sal seën.

29-30 Rita se verjaarsdag(31e) Bid vir gesondheid, krag en moed vir elke dag. Bid dat die Here haar sal seën in die jaar wat voorlê.

September 2020

“Die Here die Almagtige het dit besluit, wie sal dit kan verydel?” Jes. 14.27

1-2 Nuwe Internet Europese webblad. Bid steeds vir die ontwikkeling daarvan, vir werkers, genoegsame fondse en dat baie kinders deur dié bediening met die Evangelie bereik word.

3-4 VERITAS Module 3. Bid dat die deelnemers sal volhard en goed toegerus word om die Bybel reg te verstaan.

5-6 Troue van Samuel en Sarah (Jongmense vir lank in ons huis gebly). Bid dat harte van gelowiges en ongelowiges aangeraak word deur Johan se boodskap tydens die huwelik-seremonie.

7-8 Huis Goeie Nuusklubs hervat die maand. Meestal nog per ZOOM. Dank die Here vir elke getroue werker. Bid vir meer klubs sodat meer kinders in woonbuurtes bereik word.

9-10 Nasionale kantoor CEF Frankryk. Bid vir bemoediging van die werkers en nuwe personeel. Dank die Here vir die jong rekenmeester se deeglike werk en omgee.

11-12 CEF Internasionaal. Loof God vir meer as 25 miljoen kinders wat die afgelope jaar wêreldwyd bereik is. Al die eer aan God alleen. Dank Hom vir almal wat tot bekering gekom het. Bid vir meer werkers vir die oes. Bid dat **Noord-Korea** sal oopgaan vir CEF.

13-14 Immigrante vlugtelingskinders. Bid dat baie van hulle in Wes-Europa gered word.

15-16 PAYS DE LA LOIRE. Bid dat die Here Kevin en Noëlene se skryfwerk gebruik vir die uitbreiding van Sy Koninkryk.

17-18 Oos-Europese Moslem lande. Bid vir

meer geleenthede om dié kinders te bereik, veral deur die Internetbediening en vir beskerming van die werkers.

19-20 VERITAS Module 1 Bid vir nuwe ywer en volharding na die somerbreek.

21-22 Elise Bloemhof het heelwat probleme met haar gesondheid. Bid dat die Here Sy goeie en beskermd hand op haar sal plaas.

23-24 Bid vir werkers in die ONBEREIKTE STREKE.

25-26 Bid dat al die geestelike seëninge weens die Coronavirus-inperking sal voortduur – dat mense steeds tyd sal neem vir stil word voor God, vir genesing van siekes en die herstel van die ekonomie.

27-28 Hélène-Laure en Timothée se seuntjie **Théo** is 4 jaar oud. Hulle verwag 'n tweede baba in Oktober. Bid dat alles goed sal afloop met die bevalling. Sy sukkel met haar gesondheid. Bid asseblief vir beskerming en genesing. Dank die Here dat hulle Théo in Sy weë opvoed.

29-30 Geloofsending Loof die Here vir gemeentes en individuele gelowiges wat deel uitmaak van God se genadewerk deur hulle gebede en bydraes.

Nuusbrief en adresveranderings: Franse Sending, NGK Nigel-Oos, Posbus 619, Nigel, 1490

Bydraes /Tjeks: “Child Evangelism Fellowship” Spesifiseer asb. vir “ds J. F. Bloemhof Nr 30”; Posbus 3139; Somerset-Wes 7129; RSA (Navrae Dr Ernest van Zyl Tel 0817367679)

Bank inbetalings of Debietorders:

FNB (First Nasionale Bank)

Rekening naam: Child Evangelism Fellowship; **Takkode:** 200912

Rekening nr : 53 800 042 847

Verwysing : Vir ds J. F. Bloemhof nr 30

Tel 0817367679 of per e-pos

cefsafinance@gmail.com